VOLKSTEM

R 10-00

www.afrikanervolksparty.org | Mondstuk van die Afrikaner Volksparty | Jaargang 9 | Uitgawe 8

VERSUGTING VAN 'N AFRIKANERVROU



Asemrowend skrikwekend bitter bitter hartseer. Nie n droë oog toe die mamma van 4 kindertjies haar man se kruis plant en nog 'n kruis en nog 'n kruis word oorhandig aan 'n familie. Dit voel of dit nooit gaan ophou nie! Elkeen se storie skrikwender as die ander. Kan nie glo ek bly in dié land. Nêrens sê iemand dan iets.

Maar weet julle, **géén media was hier. Almal het belowe hulle is hier maar geen een het opgedaag!** Geen een het eers verskoning gemaak nie! Dit is waarom niemand 'n idee het wat gebeur regtig in hiedie eens gewese mooi land van ons nie.

Na aanleiding van die byeenkoms in verset teen die toenemende plaas- en ander moorde op ons blankes in Suid Afrika.

Haar versugting 'n aanklag teen die sogenaamde "leiers" in Afrikanergeledere wat aanhoudend besig is met die verdeling van ons volk, in teenstelling met die bymekaarbring van mense op beginsel, vasgelê deur ons geskiedenis.

'n Beginsel waarop die Republiek van Suid Afrika gevestig en erken is deur die hele vrye wêreld as Afrikanerland! Nie geroof, nie gesteel maar met bloed en sweet deur oorloë en harde werk en vaste vertroue op God ons hemelse Vader, wat ons trou in elke krisis bygestaan en deurgehelp het, aan die wildernis van Afrika ontworstel het as ons eie land!

Haar trane daar gestort sal tevergeefs wees, solank as wat daar hulp op ander plekke gesoek word as by ons hemelse Vader en ons ophou met lippediens. Daar het wesentlike veranderings plaasgevind, nie net plaaslik nie maar wêreldwyd waarvan ons moet kennis neem en terugkeer na wat ons geleer het omdat ons weet van wie ons dit geleer het.

Elke Afrikaner wat hom of haarself aanmatig om leiding te neem in ons volk se krisis en mense oorreed om te volg, neem vir elkeen wat volg

In hierdie uitgawe.....
Wie moet leiding gee?
Prof. Koos Malan oor die Grondwet
Hoe beskerm die Afrikaner homself
Blanke Besitreg

verantwoordelikheid. Neem egter in breër verband ook verantwoordelikheid vir die welwese al dan nie van ons volk.

SJINA VERSTEWIG SY FINANSIËLE GREEP OP SUID-AFRIKA

Die verwagting dat die Chinese dmv hulle BRICS-bande met Suid Afrika die finansiële toeganklikheid van die ANC regime sal benut, is besig om 'n werklikheid te word. Hulle betrokkenheid in 'n moontlike padbouprogram sal ook ideaal wees vir verkenning van die land sou daar vorentoe botsing met die Weste ontstaan oor wie nou eintlik die grootste hap uit hierdie sappige koek gaan kry.

Die bosluise sit reeds dik om hierdie "melkkoei" se uier en geniet die Afrikanervolk se opbrengs terdeë. As dit nie feitlik elke swart staat in Afrika is nie, is die Guptas van Indië, die Amerikaners, die Britte en nou die Chinese wat alreeds strategies in elke dorp in Suid Afrika kastig 'n handelsaak bedryf.

Hierdie soort van beleggings wat aangebied word asof dit hulp is om Suid Afrika se sukkelende, gelees vernietigde ekonomie, staande te hou, moet hierdie lande verseker weet dat wanneer die Afrikanervolk weer in beheer is, nie aan hulle terugbetaal sal word nie.!

CHINA TO INVEST IN SA ROAD INFRASTRUCTURE

XIAMEN - Chinese President, Xi Jinping, promised to strengthen relations with South Africa and support development on the African continent

President Jacob Zuma led a delegation at the ninth Brics summit in that country.

Xinping said relations between the two nations are at their best and commended the strengthening of strategic partnerships recently.

China wants to work with South Africa in implementing the Belt and Road Initiative.

The initiative involves China pledging billions of rand towards infrastructure development across Asia, Europe and Africa.

Jinping said China and South Africa have maintained close co-operation and will continue working towards common development.

Also watch: China takes control at BRICS summit (Reuters)

AS DIE AFRIKANERVOLK GELEI MOET WORD, WIE MOET DIE LEIDING GEE?

Nasionaliste, liberaliste, humaniste, verraaiers, saampraters, oorgeërs, uitoorlêers?

Wie is bevoeg in die lig van ons geskiedenis? Vraag is, is 'n onbetrokke en verdeelde volk bevoeg om 'n leier of leiers aan te wys indien onsself nie meer nasionalisties ingestel is nie?

Hierdie is 'n baie belangrike vraag. Omdat die Afrikanervolk 'n heroïse en ryk geskiedenis het wat tintel van nasionalisme, was daar nietemin

holistiese en liberale leiers wat al telkemale ons volk in 'n krisis gedompel het. Dit het dan Christelik-nasionale leiers gekos om eers weer die grense duidelik reg te trek oppad na ons vryheid toe.
Ons is nou weer in benouing gedompel deur liberale en humanistiese politici wat selfs nie voor verraad gestuit het om hulle here en meesters te behaag nie! Sameswerings, bedrog, misleiding en later selfs openlike afdanking en uitdrywing van behoudende Afrikaners om die pad skoon te maak vir politieke abdikasie aan die kommunistiese swart terroriste. 'n Taktiek van uitoorlê van die blanke kiesers, wat nou voorgehou word as vooruitgang en die eerste demokratiese regering van Suid Afrika, as sou daar nooit 'n demokrasie hier bestaan hetnie!

Die leuen het nou die waarheid vervang! Steeds word daar gepoog om die Afrikanervolk te laat afsien van Suid Afrika in ruil vir 'n volkstaatjie iewers waar dit die swart regime behaag deur by hulle te pleit, en in gebreke van 'n positiewe uitkoms, by die vyandige internasionale gemeenskap hulp te soek. Terselfdertyd is daar organisasies gevestig , mét die Afrikaner se geld, om te verseker dat die Afrikanervolk die stelsel moet aanvaar en daarin opgaan!

Wolwe in skaapsklere noem 'n Engelse skrywer hulle! Die AVP plaas die artikel sodat daar kennis geneem kan word dat dit nie net die AVP is wat dit raaksien en waarsku nie! Leierskap om die Afrikanervolk in sy krisisuur te lei, word nie soos 'n haas uit 'n hoed getrek nie.

Mag dit gegee word dat die aanhoudende waarskuwings van die AVP ons volk tot besinning bring en verset opwek teen die voortgaande misleiding wat nou reeds sigbaar en voelbaar duidelik is!

SOLIDARITY'S NEW "BOLEK" ATTACKS WHITE WHISTLE BLOWERS AND ACTIVISTS

By Mike Smith 17th of March 2015

I must admit, since the 1990's when the old Mine Worker's Union became "Solidarity", I never trusted them and I will tell you why. First of all, the name put me off. It reminded me too much of the Polish Solidarity movement of Lech Walesa, a KGB spy pretending to be in the opposition to Communism.

That is right. Lech Walesa was a Communist spy and tried to cover it up so he could get the Nobel Prize and become president. During his presidency of Poland he tried to destroy all the files that connected him to his traitorous past, but enough still leaked out to prove he definitely was a KGB spy codenamed "Bolek". It was nothing new. It was called, **"Controlled opposition".** Lenin said, **"The best way to control the opposition is to**

lead it ourselves." Thus whenever I looked at Solidarity/AfriForum and what they were up to I noticed a few peculiar things. They appear to be working very hard treating the symptoms, but never tackle the root causes of the problem namely the ANC and their absurd racist policies.

Sure they have the "Solidarity helping hand" scheme helping poor whites in SA, sure they

tackle some Affirmative Action cases on behalf of a handful of whites, **but they never attack the root causes namely the racist policies of the ANC.**

In fact Dr. Dirk Hermann wrote **a pathetic little booklet** called "Affirmative Action: a guide to good practice". I have a copy of it (somewhere). **It basically approves of Affirmative Action and offers the ANC a few tips on how to introduce it "fairly" so as not to upset the white Afrikaners**. I mean, come on…whose side is he really on? "Fair Affirmative Action" is like saying there is "fair racism" or more accurately "gentle genocide". But every now and again, they drop their masks and you can see who is really behind Solidarity. **They were visibly absent from the "Red October campaign" in Pretoria and a few weeks ago they attacked singer/activist Steve Hofmeyer and called him a racist for singing "Die Stem" and pointing out the genocide of whites in SA.** Yes. Here is a rule of thumb if you want to know how accurate you are…Just get close to the truth and you will get attacked like you have never seen

before. Nevertheless, it is this rubbish from Solidarity's Flip Buys that finally drew the line for me. Flip Buys writes: **"Give our children hope for the future"** According to Buys, the white South Africans who are raising the alarm about the ongoing genocide against white farmers and whites in general are depriving our youth of hope for a future in SA.

That is right…we (says Buys)…the ones with the **"Hysterical racist screams** (on Facebook)" and **"Skewed panic-propaganda**" of **"White genocide and whites being excluded from the job market" are the ones who are going to drive the young people out of the country. Not the ANC, not their racist policies of Affirmative Action, BEE, quotas in sport and university entry…not the horrific crimes like farm murders and torture, nor the corruption and mismanagement by the ANC…no…WE, the racist bloggers, activists and whistleblowers are the problem. We make the youngsters lose hope. What an idiot.** Since when is "Hope" a strategy? Nevertheless, continues Buys with a metaphor about arriving at an accident scene. We who raise the alarm are just like the people at a car accident crying and screaming about how much blood there is, but we don't help to stop the bleeding… **…So what is Solidarity doing then? Stopping the bleeding?** Sorry, but no amount of Band-Aid plasters they stick on is going to stop the hemorrhaging caused by the accident either. What caused the accident? A drunk incompetent driver called the ANC. **You want to do something constructive Mr. Buys? Solve the root cause of the problem, don't treat the symptoms.** Just to strike a nerve at the heart of the pious Afrikaners he selectively quoted from the Bible Haggai 2 (only the second part) "…Be strong, all you people of the land,' declares the LORD, 'and work. For I am with you,' declares the LORD Almighty. **"Work", Mr Buys?? Any fool can dig a moerse hole and fill it back up again and say: "Oh**

look I worked really hard today." …Yeah, but what did you accomplish?

HY SIEN ELKE HART

deur Hannes Ollewagen

1 Sam. 16:1-13

"Maar die HERE sê vir Samuel: Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die méns sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan." (:7).

'n Mens sou in Engels sê: *"Don't judge a book by it's cover."* Ons het gelukkig in ons moedertaal ewe mooi uitdrukkings waarmee ons hierdie Engelse gesegde kan verwoord. Die mees bekende is natuurlik *"bo blink maar onder stink"*, maar ek reken dat die spreekwoord "*dat 'n mens nie 'n man aan sy baadjie moet takseer nie"* in hierdie konteks dalk meer toepaslik sal wees .

Alhoewel ons nie met hierdie lewenswaarheid onbekend is nie is ons tog geneig om telkens daaroor te struikel. Ons sal byvoorbeeld geneig wees om 'n persoon wat finansieël welaf oorkom

anders te behandel (weens ons gebrekkige oordeelsvermoë?) as die volgende persoon met 'n veel eenvoudiger voorkoms. Eweneens sal ons dikwels mense met 'n groot geleerdheid se kwalifikasies só hoog aanslaan dat ons nie eers so 'n persoon se gebreke raaksien nie. Daarenteen kan ons só krities wees teenoor ander mense dat ons nie hul goeie dade en/of bedoelings raaksien nie.

Ons as Afrikanervolk is binne volksverband skuldig daaraan dat ons van mening is dat ons politieke leiers "geleerde mense" moet wees. Dit is natuurlik net gesonde verstand dat leiers mense met bevoegdhede en wysheid moet wees. Die wysheid hier ter sprake kom egter van binne en van Bo eerder as uit Universiteitsopleiding en handboeke. Die leiers wat hierdie wysheid besit, verstaan dat hul leiding van mense veel meer as net hul stoflike en aardse bestaan behels, maar dat hul ook leiding moet bied wat mense se ewige sieleheil tot voordeel sal strek.

Ons lees in die gedeeltes uit 1 Samuel 15 en 16 dat Saul juis daarin gefaal het om homself waardig 'n Godvresende leier te gedra. Saul se fokus het van God verskuif en hy was primêr op "sy aardse koninkryk" ingestel eerder as om op sy diensbaarheid aan God te fokus. Hy het homself daarom gediskwalifiseer as 'n leier van God se volk waarna God aan Samuel bevel gegee het om 'n nuwe leier vir sy volk aan te wys. Ten tyde van die aanwysing van die nuwe leier maak Samuel voorwaar die fout om die nuwe leier wat God aanwys o.g.v. sy voorkoms te beoordeel waarna God hom in vers 7 hierop teregwys. God het aan Samuel laat verstaan dat dit wat Hy hoog aanslaan binne die hart van die mens lê waar ander mense dalk nie kan sien nie, maar daardie verborgenheid is vir die oë van God wél sigbaar. "...want die HERE deursoek al die harte, en Hy verstaan elke versinsel van die gedagtes.

..." (1 Kron. 28:9). Ons leer hieruit ook dat God nie die onregverdige of bevooroordeelde oordeelsvermoë van 'n mens het nie, maar dat Hy met reg oordeel. "Laat tog die boosheid van die

goddelose mense 'n einde neem, maar bevestig U die regverdige, ja, U wat harte en niere toets, o regverdige God!" (Ps. 7:10).

Saul was nie die laaste mens wat sy fokus van God na homself laat verskuif het nadat hy in 'n posisie van aansien beland het nie. Dink maar gerus hoe skerp Christus die skrifgeleerdes en Fariseërs in Matt. 23 oor dieselfde sonde aanspreek. Hulle het só behep geraak met hul eie aansien en posisies dat hulle godsdiens 'n leë en oppervlakkige vertoon geraak het wat op die oog af aanneemlik was, maar dit was vir God verwerplik. "Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid. Blinde Fariseër, maak eers die binnekant van die beker en die skottel skoon, sodat ook die buitekant daarvan skoon kan word. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. So lyk julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtigheid." (Matt. 23:25-28). En hoe het hulle Hom gehaat omdat Hy regdeur hul uiterlike vertoon tot binne hul harte kon sien! Hulle het Hom só erg hieroor gehaat dat hul Hom uiteindelik sou vermoor.

U moenie dink dat hierdie boodskap vandag net tot politici, skrifgeleerdes, regeringslui of Fariseërs gerig is nie. Dit spreek tot elkeen van ons. Het u nie dalk ook in u beroep as dokter só behep geraak daarmee om soveel as moontlik pasiënte per dag te sien ten einde u bankrekening vol te stop en die mees aansienlike spreekkamer in die omgewing te bou dat u God nie meer dien met die gawe wat Hy u geskenk het nie? Dalk is u geroep om die woord van die Here aan ander te verkondig, maar het u só gesteld geraak op u eie aansien en gewildheid voor mense dat u eerder u eie saak as die saak van die Here dien? Ons kan die beroepe op hierdie wyse die een na die ander deurgaan om vas te stel of u daarin u eie saak dien en of u werklik die saak van die Here in gehoorsaamheid dien.

Dit is my nie gegee om die oordeel hieroor te fel nie aangesien ek sekerlik so maklik soos Samuel deur die uiterlike vertoon bedrieg kan word. U moet egter weet dat u eendag voor die Regterstoel van Christus sal verskyn wat 'n regverdige oordeel sal fel – Hy wat weet wat die bedoeling van elke hart is. "...en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat harte en niere deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke." (Openb. 2:23).

In 'n verbete poging om die Afrikanervolk se opwelling van nasionalisme te stuit deur met allerhande planne soos bv. plan A van prof. Koos Malan die aandag van verset en samehorigheid af te lei, is waarskynlik net so bedenklik as wat die gestorwe KP se volkstaatgedagte was en nog is.

PROF. KOOS MALAN OOR DIE GRONDWET

TERRITORIALISEER, sê hy!

In 'n verbete poging om die Afrikanervolk se opwelling van nasionalisme te stuit deur met allerhande planne soos bv. plan A van prof. Koos Malan die aandag van verset en samehorigheid af te lei, is waarskynlik net so bedenklik as wat die gestorwe KP se volkstaatgedagte was en nog is.

Wanneer prof. Malan se rip van Winkel ontwaking in oënskou geneem word en vir die goedgelowiges voorkom as sou dit 'n oplossing bied uit die dilemma waarin die Afrikanervolk hom bevind, moet daar allereers op prof. Malan se spoor teruggeloop word. Wie is prof Malan en wat verteenwoordig hy? Kan dit waar wees dat hy soos die koning van die Zoeloes 23 jaar neem om dit wat ooglopend die oorsaak van ons ellende is, nou eers raak te sien terwyl hy aanvanklik by die HNP betrokke was?

Professor Koos Malan is akademies geweldig goed toegerus met 'n hele reeks kwalifikasies wat enigiemand behoort te imponeer. As dit egter by die politiek kom en jy bekyk en beluister wat hy daaroor te sê het, is daar 'n deinserigheid van

denke wat dreig om in donkerte toe te neem hoe verder jy daaraan blootgestel word. Dit terwyl hy sy politiek by Jaap Marais geleer het!

Die Afrikaner se stryd het nie gister begin en gaan besls nie môre eindig nie. Om die waarheid te sê was 1994 nie die begin van ons ellende nie maar 'n kulminasie van geleidelike beleidsversaking van die nasionale party sedert die sluipmoord op dr. Verwoerd.

Die verset daarteen deur ware nasionaliste sou die verotting kon stuit indien alle Afrikaners getrou gebly het aan hulle God, hulle land en hulleself! Ongeërgdheid, propaganda, die mode van die tyd, liberalisme en humanisme wat ons volk se nasionalisme erodeer het en wat hoofsaaklik vanuit die kerke, universiteite en kultuurorganisasies op ons aangelê is, het sy tol ge-eis en slegs 'n klein oorblyfsel in verset laat oorbly het.

Die aanslag in die oorlog teen die Afrikanervolk, hoofsaaklik sonder koeëls, het helaas ook sy merk op Prof. Malan gelaat! 'n Voortslepende manipulasie van denke wat die geloof erodeer het tot by die aanvaarding van die onomkeerbaarheid van 'n toestand vanweë getalle oorheersing.

"Bewerkstellig selfstandigheid vir die Afrikanergemeenskap in vrede met al die ander inwoners van die land.

'n Gemeenskap met 'n karakter van volwassenheid behoort per slot van rekening sy eie lot te bepaal en nie aan ander se diktate uitgelewer te wees nie. Dit bied ook die basis vir individuele vryheid. Gemeenskapselfstandigheid bied ook beskerming teen die vervallende staat en die teistering van transformasie".(Aldus die professor)

Die Afrikanervolk word gereduseer tot 'n onvolwasse gemeenskap. Daar is nie meer sprake van 'n selfstandige volk met sy eie land nie. Dit is hierdie woordespel wat die werklike bedoeling van die aanvaarding van oorgawe versluier en verwarring en verdeeldheid saai. 'n Verloopte ontvlugtingsbenadering in pogings soos dié van Orania en Kleinfontein as sou dit die beskerming gaan bied teen die "nuwe modernste grondwet" ter wêreld! Wat 'n verstommende gebrek aan politieke insig! Nee, prof. Koos! Nee! Hierdie land is óns land en dit is wat propageer moet word! Elke aanspraak dat ons hierdie land gesteel het moet weerspreek word en die vyand gedaag word om bewys te lewer!

Die weerstand teen die "teistering" is gesamentlike en aanhoudende verset. Hierdie regime sal nie bly staan nie en hy sal val soos sy refrein van al die ander dinge wat hy wil laat val! Oortuig liewer almal wat jy teëkom om nié die toestand te aanvaar nie en saam te werk om in verset te kom teen sake van gemeenskaplike belang, waarvan die dringendste is ons veiligheid ter wille van oorlewing en beskerming van ons eiendom! ***Bepaald nie in tongknopers soos dié nuwe een, territorialiseer, en oues soos détante en konsensus lê ons volk se vryheid nie.***

Die Afrikanervolk word gereduseer tot 'n onvolwasse gemeenskap. Daar is nie meer sprake van 'n selfstandige volk met sy eie land nie. Dit is hierdie woordespel wat die werklike bedoeling van die aanvaarding van oorgawe versluier en verwarring en verdeeldheid saai.

In voorkeurorde was dít waarin mnr. Willie Marais, louis van der Schyff en myself, in 2006 nie die TLU wat die infrastruktuur gehad het, kon beweeg nie. Bloot omdat hulle nie aan apartheid geglo het nie! Onderhandeling, die voorvereiste van die Amerikaners gevestig in 'n byeenkoms op Bermuda, was vir hulle die regte pad. Die enigste

uitweg van die mag wat in 'n oorlog teen sy vyand, die onderspit gedelf het, onderhandeling om te pleit vir 'n oorblyfseltjie!

Nee professor Koos, jy is op die verkeerde politieke pad! Moenie'n bydrae maak tot die skep van verwagting waar daar niks van tereg kan kom nie! Die stryd duur voort! Die beginsels en beleid onveranderd! Ons onwrikbare geloof in dieselfde God van ons voorgeslag, want daarin is versekerde verwagting op voorwaarde van gehoorsaamheid!

DIE VAL VAN DIE JONG, SIEK REGSTAAT

– EN DIE GROEI VAN 'n NUWE BEDELING:

Plan A (Maroela Media.)

31 Augustus 2017 Koos Malan

Hierdie artikel is deel van 'n reeks van vyf artikels wat deur Malan oor die Grondwet geskryf is.

Die bespreking in die vorige aflewerings het aan die lig gebring dat pres. Jacob Zuma en sy trawante nie die groot probleem is nie. Selfs ná sy vertrek sit ons steeds met die eintlike probleem: 'n grondwetlike bedelingsprobleem. Die Grondwet is nie oppermagtig nie en daar bestaan nie iets soos verskanste regte nie. Dit verleen nie beskerming teen die vernieling van "transformatisme" en die Nasionale Demokratiese Revolusie (NDR) nie. Inteendeel, die Grondwet laat dit toe en fasiliteer dit. Die howe is oplaas ook nie die rem en teenwig teen die skade van transformatisme nie. Dit is juis die fasiliteerder en regverdiger daarvan. Die fraai sprokie oor die regstaat en die plegtige grondwetlike akkoord was toe presies dit: 'n fraai sprokie.

Die grondwetlike bedeling lewer veral die minderhede, meer bepaald die Afrikaners, aan die verwoesting van transformasie uit. Dit was nie die groot plan nie, bloot 'n ydele hoop. 'n Plan, Plan A, moet dus nou vir die eerste keer gemaak word.

'n Selfstandige gemeenskap

Die oogmerk van die plan is treffend eenvoudig. ***Bewerkstellig selfstandigheid vir die Afrikanergemeenskap in vrede met al die ander inwoners van die land.***

'n Gemeenskap met 'n karakter van volwassenheid behoort per slot van rekening sy eie lot te bepaal en nie aan ander se diktate uitgelewer te wees nie. Dit bied ook die basis vir individuele vryheid. ***Gemeenskapselfstandigheid bied ook beskerming teen die vervallende staat en die teistering van transformasie*** – iets wat die Grondwet en die howe nie (kan) doen nie.

Te oordeel na wat Afrikaners reeds aan die doen is, word die plan nie beraam nie. Dit word reeds in werking gestel. Ander gemeenskappe is soortgelyk doening, maar die Afrikaners het verreweg die verste gevorder. Wat behels die plan? Ons kyk eers na die uitgangspunte en dan na die daadwerklike uitvoering.

Die uitgangspunte

Die plan het vier uitgangpunte.

Dit is nie vir 'n minderheid moontlik om bepalings van die Grondwet te wysig nie. Moet daarom nie energie op so 'n nodelose oefening verspil nie. Buitendien, en dit is baie belangrik, 'n grondwet word nie soseer geskryf nie; eerder ondergaan 'n konstitusionele orde daadwerklike verandering na mate nuwe praktyke en realiteite, ook die praktyke van realiteite van selfstandigheid, gevestig word.

***Onderhou gesonde verhoudings met almal, meer bepaald ook met swart mense. Per slot van rekening praat ons van selfstandigheid en nie van isolasie nie. En buitendien is die persoon-tot-persoon-verhoudings in Suid-Afrika steeds verbasend goed*. Verleen ook bystand waar nodig en moontlik. Afrikanerorganisasies soos AfriForum en Orania doen dit. Dis die regte ding om te doen en stel 'n navolgenswaardige voorbeeld.**

Moenie slegs op jou eie te werk gaan nie. 'n Individu is oplaas maar swak, veral in die aangesig van 'n vervallende staat en 'n verwoestende ideologie. Ontdek dus die krag van die bemagtigende gemeenskap. Die Afrikanergemeenskap, soos alle ander gesonde gemeenskappe, organiseer homself deur instellings. Oor die afgelope dekade het baie daarvan ontstaan en sterk geword. Daar is 'n wye keuse van instellings om deur woord, daad en geld jou gewig by in te gooi, waar dit elkeen se talente en vermoë die beste pas.

- ***Bewerkstellig 'n behoorlike ewewig tussen die belange van gemeenskappe en die regte van individue. Dié ewewig moet ook vir die Afrikanergemeenskap***

en sy lede geld. Ons praat nie hier van 'n geslote nie, maar huis van 'n gediversifiseerde Afrikanergemeenskap.

Konsentreer

Hoe word die plan van selfstandigheid in werking gestel? Wat is daar te doen? Ons hoef nie te teoretiseer nie. Ons kan konkreet wees.

Help woeker in die Afrikaanse onderwys. Die geleenthede is legio. Daar kan allermins op die staat vertrou word. Inteendeel, op die rug van transformatisme is daar skerp vyandig anti-Westerse dryfvere by sommige Suid-Afrikaanse universiteite aan die werk, wat, onder meer, verdomliking in plaas van intellektuele afronding in die hand werk. Daarom dat Piet le Roux van Akademia onlangs verklaar dat dié instelling gelyktydig tot diepgaande opvoeding sowel as gevorderde spesialisasie verbind is, en met die oog daarop besig is om plaaslike sowel as buitelandse bande te vestig. Afrikaanse onderwys is dus nie net 'n taal-noodsaak nie; dit is ook intellektueel noodsaaklik.

Soltech het reeds talle jong Afrikaanse ambagslui opgelewer en van ekonomiese vlerke voorsien.

Talle Afrikaanse private skole is reeds aan die gang. Hou die fort by die uitstekende Afrikaanse openbare skole wat daar steeds is, maar maak reg vir (verdere) privatisering. 'n Kultuurgemeenskap kan nie die opvoeding van sy kinders aan onbekwame en ideologiese maltrap-owerhede delegeer nie.

Tans ontspring nuwe Afrikaanse professionele, akademiese en ambagsverenigings: regslui, rekenmeesters, medici, wiskunde-onderwysers, akademici in verskeie dissiplines en dergelike meer. Hulle doen opleiding, neem jong Afrikaanse mense in diens, skakel onderling, skakel met buitelanders en verbeter die gehalte van hulle eie werk. Dit het pas begin. Hef aan lê voor.

Die onderlinge samewerking van Afrikaanse sakelui, aangevul deur bande met buitelandse sakelui en gestimuleer deur vindingryke sake-innovasie, hou die belofte van materiële voordeel vir die betrokke sakelui in, wat deursyfer na voordeel vir die hele kultuurgemeenskap. AfriSake wat enorme groei beleef, gee hieraan aandag: 'n Staatsbestande sake-netwerk is in wording.

Dis nie nodig om met die veiligheidsmuur en die alarm te volstaan nie. Sluit aan by die buurtwag en verwerf die vaardigheid om 'n verskil te maak. AfriForum het reeds honderd buurtwagte en die leierskap en opleiding is goed. Daar is natuurlik nog baie ander private veiligheidsnetwerke. Plek-plek heers goeie samewerking met die polisie (nasionaal en metro). Dis goed. As daar nie is, doen die buurtwag sy eie ding – regmatig.

Die Suid-Afrikaanse staat paradeer as die groot versorger. Hy betaal maatskaplike toelaes aan 17 miljoen mense. Moet egter nie op hom vertrou nie. Sy optrede is nie gemik op ekonomiese groei en om mense tot selfstandigheid te lei nie, maar juis op die teendeel: om 'n afhanklike menigte as stemvee aan te hou. Die toelaes is bowendien iets, waarmee hy, na mate hy ekonomies en administratief faal, nie kan volhou nie. Maak daarom 'n plan soos die een van die Helpende Hand en dergelike ander. Versorg jou hulpbehoewendes self op 'n manier wat 'n sin vir selfverantwoordelikheid aankweek.

Die '94 en daarna die '96-grondwet is die grootste vyand van die Afrikaner....

Nie 'n individu of 'n party nie, maar die grondwet! Alles wat in werking gestel word om die Afrikaner te ontmagtig en te vernietig, het die grondwet as basis.

Sydney Gregan

Al die pas gemelde voorbeelde van selfstandige handelinge, van plan A, staan in die teken van konsentrasie.

Die noodsaak vir konsentrasie staan ook in die kern van prof. Louis du Plessis, vroeër van krygskunde aan die Universiteit Stellenbosch, se denkwyse oor wat Afrikaners te doen staan. Moenie versprei, versplinter en oral 'n nietigheid wees om uiteindelik net geassimileer te word en

gevolglik in die niet te verdwyn nie. Inteendeel, konsentreer.

…en territorialiseer

Maar, voeg Du Plessis nou die dag by, territorialisering is die omvattendste en doeltreffendste manier van konsentrasie. Dit skep omvattendste vermoë tot selfstandigheid op alle terreine en dit is die mees omvattende verweer teen die vervallende staat en transformatisme.

Konsentreer dus op 'n bepaalde geselekteerde plekke. Dit is trouens volskaals aan die gang, op veral vier maniere. Daar is die voortgesette trek na die stede en 'n paar groter streeksdorpe; die trek na die Wes- en die Suid-Kaap; die trek en vestiging na omheinde veiligheidsbuurtes, en die trek na Orania, wat homself as toekomstige Afrikanerstad aanbied en waar aktief belê en gewoeker word.

Orania is enersyds buitengewoon. Dis konsentrasie en territorialisering met 'n kulturele karakter. Groeiende selfstandigheid is hier uitdruklik geartikuleer. Dis andersyds egter glad nie buitengewoon nie, aangesien dit bloot een is van verskeie tendense van konsentrasie en territorialisering – konsentrasie op bepaalde plekke.

Groot omwenteling

Suid-Afrika het in die middel 1990's 'n omwenteling ondergaan. Die omwenteling was egter allermins so finaal soos wat die populêre benaming *finale Grondwet* suggereer. Tans ondergaan die gewaande finale Grondwet ingrypende verandering na mate die staat verval, transformatisme verwoesting saai en gemeenskappe daarop reageer, onder meer ook die Afrikaners wat oral by wyse van instellings konsentreer en hulself beveilig en stabiliseer. Natuurlik lê die groot werk nog voor.

Niks staan egter in die pad daarvan nie. Die staatsadministrasie is eenvoudig te swak en vakuums gaan oral oop. Vakuums wat gevul word: Deur selfstandige onderwys op alle vlakke, selfstandige ekonomiese bedrywighede, maatskaplike sorg, beveiliging, regspleging en deur konsentrasie op geselekteerde plekke.

Die konstitusionele orde is in vloeibare toestand en deur gemeenskappe se selfstandige optrede ***neem 'n nuwe bedeling vorm aan.***

Ons situasie is hoogs vloeibaar, soms onstabiel en gevaarlik. Tog is dit vol belofte na mate konsentrasie en territorialisering danksy daadwerklike praktyke 'n nuwe konstitusionele bedeling van selfstandige gemeenskappe tot stand bring.

Hierdie meningstuk is deur 'n onafhanklike persoon opgestel. Die menings en standpunte wat in hierdie skrywe uitgespreek word, is nie noodwendig die beleid of standpunt van Maroela Media se redakteurs, direksie of aandeelhouers nie. -Red

Meer oor die skrywer: Koos Malan

Koos Malan is professor in publiekreg aan die Universiteit van Pretoria. Hy is onder andere die outeur van "Politokrasie – 'n peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop" wat pas by die regsuitgewers van die Universiteit van Pretoria verskyn het.

Sydney Gregan

Sedert 1994 het ek verskeie artikels geskryf waarin ek gestel het dat die 94- en daarna die 96-grondwet die grootste vyand van die Afrikaner is. Nie 'n individu of 'n party nie, maar die grondwet! Alles wat in werking gestel word om die Afrikaner te ontmagtig en te vernietig het die grondwet as basis. En vir enigeen met iets tussen die ore was dit van die begin af baie duidelik.

Ek is daarom verbaas dat na meer as 20 jaar, waarin stukrag deur middel van die grondwet aan die vernietiging van die Afrikaner gegee is, daar nou skielik ontdek word dat dit wel die geval is. Ek laat my nie vertel dat intelligente mense dit nie van die begin af geweet het nie!

Die bestel met sy grondwet moet beveg word, eerder as om telkens vir krummels te baklei binne die raamwerk van daardie Afrikaner-vyandige grondwet.

HOE BESKERM DIE AFRIKANER HOMSELF?

Deur Danie Varkevisser

Ons roem is dat ons die kwaad teengestaan en beveg het toe dit in die beginstadium was en ons nie deur valse versekerings en valse beloftes van koers laat bring het nie. Dit gee aan ons 'n getuigskrif van integriteit, wat vir 'n politieke party 'n kosbare bate is. Dit gee aan ons

betroubaarheid en geloofwaardigheid. Dit gee aan hom innerlike krag. Dit gee aan hom die wil om te staan en te veg en te wen.

Die werklikheid waarvoor ons egter nou te staan gekom het, is dat die meerderheid van die Afrikanervolk nie saam met ons in 'n hegte front teen die kwaad gemobiliseer kon word nie. Hoewel baie Afrikaners, ek wil sê die meerderheid, net soos ons gevoel het en bereid was om die kwaad teen te staan, het ons vyande dit ook besef en verskeie organisasies en partye op die been gebring onder aanvoering van mede Afrikaners wat invloed gehad het maar sonder patriotisme en integriteit, dié wat hulle gevolg het onder valse voorwendsels telkens in 'n doodloopstraat ingelei het. Dit het ons só effektief verdeel dat ons ten spyte van die identifisering van die vyand, nie effektief teen hom kon optree nie.

Hoewel grootliks nog verdeeld, is ons volk nou verenig in verdrukking. Selfs die verraaiers en soustrein ryers het dit nie meer maklik nie. En wat veral nou gemeen saak is, is dat elke wit vel 'n potensiële slagoffer is! Man, vrou, kind en suigeling! In die lig van die voorafgaande aflewering waar misdaadvoorkoming kortliks bespreek is, wil ek poog om aan u enkele riglyne te gee van wat ons te doen staan om onsself te beskerm.

Om te begin is dit noodsaaklik om te besef dat die toestand waarin ons verkeer, al die elemente van 'n volksmoord bevat en dat ons 'n Godgegewe reg het om ons daarteen te verset, ongeag wat die wet of enige ander gesag daaroor te sê het.

We are going to shoot them with the machine gun. They are going to run.....

Tweedens is dit noodsaaklik dat ons die mag wat aangewend word om ons uit te wis, in ons gemoed sal skei van al die ander baie vyande wat ons op ander terreine het, sodat ons kan fokus op effektiewe verweer teen hulle. Daarmee bedoel ek nie dat verset op ander terreine gestaak moet word nie.

Die algemene argument vir die aanslag op ons is dat dit nie polities is nie maar doodgewone misdaad waarmee ons te doen het. Daarmee verontskuldig die regime homself en is sy betrokkenheid beperk tot sy onvermoë, lees onwilligheid, om die blankes effektief te beskerm. Die gevolg hiervan is dat 'n mislukte moordaanslag dan bloot as misdaad afgemaak kan word en die moordenaar met geringe straf wegkom indien hy betrap word, vry om weer en weer toe te slaan.

Uit beskikbare mediaberigte is dit duidelik dat die oorgrootte gevalle van moord en verkragtings en

Uit die onophoudelike geweld aanslae op ons blankes wat nie net voortduur nie maar ook in frekwensie en barbaarsheid toeneem, is dit geregverdig om aan te neem dat die loon wat die misdadiger hieruit verkry, die risiko en straf vêr oorskry....

aanvalle op blankes, dit deur swartes uitgevoer word. Daaruit kan ons met stelligheid aanvaar dat die mag wat teen ons aangewend word met die doel om ons uit te wis en/of uit ons besittings en die land uit te dryf, swartes is. Verder kan ons ook sê dat as beweer word dat dit slegs gewone misdaad is, dat die aanvallers misdadige swartes is!

Uit die studie vir die voorkoming van misdaad verstaan ons dat om misdadig te wees 'n doelbewuste keuse is wat gemaak word. Dat straf nie noodwendig 'n afskrikmiddel is by geweldsmisdade nie en dat die misdadiger die loon vir die misdaad opweeg teen die straf by die besluit om 'n misdaad te pleeg. Die misdadiger die risiko, beloning en toeganklikheid in ag sal neem, terwyl faktore wat hom van misdaad sal weerhou, bewoning, alarms, bure se

teenwoordigheid of sigbaarheid, verbygangers wat sy aktiwiteite kan waarneem, en honde is.

Ons het verder ook uit die studies waargeneem dat gedurende die sestiger en sewentiger jare 'n klemverskuiwing gekom het en beweer is dat misdaad meer effektief voorkom kan word deur beter beheer uit te oefen oor die fisiese milieu waar die misdaad gepleeg word. Daar word dus eerder gekonsentreer op diemisdaadsituasie en nie soseer op die misdadiger nie. Die belangrikste uitgangspunt hier is dat die geleenthede vir misdaad pleging in die fisiese omgewing voorkom moet word, aangesien die pleeg van 'n misdaad meestal 'n rasionele besluit is.

Uit die onophoudelike geweld aanslae op ons blankes wat nie net voortduur nie maar ook in frekwensie en barbaarsheid toeneem, is dit geregverdig om aan te neem dat die loon wat die misdadiger hieruit verkry, die risiko en straf vêr oorskry ten spyte daarvan dat daar in meeste gevalle weinig geroof word.



Die afleiding wat ons noodwendig moet maak is dat die aanslag nie gaan ophou totdat ons eerstens die fisiese milieu waarin die misdaad plaasvind, só effektief beheer dat dit vir die misdadiger ontoeganklik is, en tweedens die risiko en straf só toepas en uitdeel dat dit welke loon ook al aangebied is, by verre sal oorskry.

Om met welslae op hierdie wyse onsself te beskerm sal begin moet word deur al die leiers op 'n leiersberaad saam te te trek waar slegs hierdie een saak op die sakelys verskyn en gesamentlike strategie daarvoor uitgewerk, na die onderskeie lede gekommunikeer word en dan gesamentlik toegepas word.

Die AVP beywer ons om hierin ons ganse volk se samewerking te verkry as beginpunt vir verdere samewerking in sake van gemeenskaplike belang.

BLANKEBESITREG IN AFRIKA KAN SLEGS DEUR BLANKES BESKERM EN BEWAAR WORD!

Deur Danie Varkevisser

Besitreg van 'n blanke in Afrika en in besonder in Suid Afrika word nie deur die swart ras erken nie, ongeag of dit deur elke internasionale grondwetlike bepaling verkry is en vir eeue reeds gevestig is!

Om dus dit wat deur jou voorouers met bloed en sweet en volgens elke volkeregtelike bepaling uit die wildernis ontworstel is te behou, gaan nie deur onderhandeling, ooreenkomste, samewerking of welke ander oorweging wat bedink kan word, behou word nie. Slegs moed, geloof en die durf om te verdedig wat reg en regverdig is, daarin setel die behoud van dit wat regtens joue is.

Om te dink dat alles verlore is vanweë getalleoorheersing, is 'n denkfout! Vir die swart ras om onder die indruk te verkeer dat hulle net kan vat, is eweseer 'n denkfout. 'n Gideonsbende met geloof wat in gehoorsaamheid aan God, in die Krag van Sy Seun leef en in alles op Hom vertrou, sal daar soos in die geval van Mordegai en sy volk, 'n uitkoms kom soos by Magersfontein, Bloedrivier en Amajuba in ons volkslewe tasbare voorbeelde was!

Laat die wêreld daarvan kennis neem wanneer die eer opnuut aan God onse Vader toegebring word na die oorwinning wat Hy sal bewerk tot hulle aanskouing! 'n Leuen kan nooit 'n waarheid word nie al word dit hoevele maal verkondig!

Danie Varkevisser 083 460 3302
Francois Muller 083 460 6120
www.afrikanervolksparty.org